
## Oudiologie:

Jaarlikse gehoorsifting word gedoen vir leerders van graad R tot graad 5.
Gehoorsifting sluit in:

- **Video-Otoskopie:**
  - Die oordrom word ondersoek met 'n video-otoskoop.
- **Tympanometrie:**
  - Immittansie-metings word geneem.
- **Suiwertoon Luggeleidingsoudiometrie:**
  - Klanke word deur oorfone gespeel.



## Oor Ons:

Ons is 'n span gekwalifiseerde Spraaktaalterapeute en Oudioloë met 'n passie vir ons beroep. Saam met ons multi-dissiplinêre span (AT, RO, onderwysers, maatskaplike werker en sielkundige) streef ons daarna om jou kind te help om hul volle potensiaal te bereik.




## Kontak ons:


+27 016 362 0546

Mimosa Rylaan 49, Golf Park, Meyerton

gert@destinata.co.za

www.destinata.co.za


FELICITAS ET PAX

# Destinata Skool

## Spraaktaalterapie en Oudiologie

## Spraaktaalterapie

- Terapie is vir alle leerders van graad R tot graad 5.
- Terapie verskil in gereeldheid tussen grade;
  - Grondslag-Fase (Gr R - 3)
    2-3 keer per week
  - Intermediêre-Fase (Gr 4-5)
    1-2x individuele- of groepterapie +
    1-2x klasterapie per week.
- Terapie word aangebied in die vorm van individuele, groep en/of klasterapie.
- Terapie word uitgebrei om individuele gevalle in te sluit, bv. artikulasie (spraakklankproduksie), ontwikkelingsfonologiese prosesse of hakkel.

Terapie volg 'n vasgestelde rooster. Klein groepe het nie meer as drie leerders per groep nie. Graad 4 & 5 ontvang ook klasterapie.

Dit is belangrik dat jou kind pret het, sukses ervaar en groei om die beste weergawe van hulself te wees!

## Terapie Doelwitte

Terapie doelwitte word gemik op:

- Verbetering van leerders se taalvaardighede, beide in verbale en geskrewe vorm.
- Verbetering van leerders se ouditiewe prosesseringsvaardighede.
- Verbetering van leerders se pragmatiese vaardighede.
- Verbetering van leerders se vaardighede om struikelblokke tot leer te oorkom.
- Verbetering van leerders se hoër kognitiewe vaardighede
- Verbetering van leerders se luistervaardighede.
- Om 'n veilige omgewing te skep waar die leerder kan probeer, misluk, leer, aanpas en ontwikkel.

**IS TAAL 'N STRUIKELBLOK IN JOU KIND SE ALLEDAAGSE LEWE?**

**HIER STREEF ONS DAARNA OM JOU KIND SE BASIESE BOUSTENE TE VERSTERK IN SY/HAAR SKOOLLOOPBAAN.**

## Ons Fokus

Ons fokus op

- taal
  - reseptief (verstaan)
  - ekspressief (gebruik van taal om te kommunikeer)
  - verbale kommunikasie asook geskrewe taal
- luistervaardighede
  - volg van instruksies
- ouditiewe prossesseringsvaardighede
  - geheue
  - opeenvolgingsgeheue
  - analise (opbreking)
  - sintese (samesmelting)
  - begrip
  - redenering
- hoër kognitiewe vaardighede
  - redenering
  - probleem oplossing
  - afleidings
- pragmatiese vaardighede
  - beurtname
  - behoud van 'n onderwerp
  - voorstelling/bekendstelling van 'n nuwe onderwerp